

KOERSVAS

Jaargang 5 Uitgawe 103 27 Januarie 2017

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings



REDAKSIONEEL

Helde en monsters

Die Demokrate en linksdenkende mense in die VSA het toe hulle ware kleure gewys. Eers kon hulle nie aanvaar dat Donald Trump die verkiesing gewen het nie. Hulle was so seker van hulle saak dat hulle al die vonkelwyn reg gehad het vir laatnagvieringe. Met die finalisering van die uitslag was daar eers skok, toe stilte en toe 'n stortvloed van verskonings oor waarom hulle nie die uitslag reg voorspel het nie.

Hulle het tydens die verkiesingsveldtog alles in die stryd gewerp om Trump as 'n monster uit te beeld. Hy is beskuldig daarvan dat hy vroue haat, 'n rassis is, xenofobies is en vele meer.

Die Republikeine het op hulle beurt met reg verwys na Clinton as "crooked Hillary" na aanleiding van haar hantering van onder andere die e-pos skandaal. Haar aksies van die verlede verlede pla die Demokrate nie, gewoon omdat sy hulle party se kandidaat was. Die ironie van dubbele standaarde val op.

Hulle volgende stap was om die uitslae te bevraagteken en aan te dring op hertellings in sekere gebiede. Miljoene dollar later het Trump meer stemme gehad as voorheen.

Hulle volgende poging was om die verkiesingskollege se lede te probeer oortuig om teen hulle mandaat in te stem. Bekende persoonlikhede is ingespan om hierdie ondemokratiese revolusie te bevorder. Van hierdie poging het ook dadels gekom.

Grootskaalse protes is beplan vir die inhuldiging. Demokratiese partylede van die senaat het aangekondig dat hulle die geleentheid gaan boikot, met ene senator Lewis aan die voorpunt. Hy is bekend as 'n menseregte-aktivis en held wat saam met Martin Luther King Jr. die stryd om gelykheid gevoer het meer as dertig jaar gelede. Lewis het beweer dat Trump nie die wettige president is nie, ten spyte van duidelike demokratiese prosesse wat gevolg is.

Ten spyte van vele pogings om die onafwendbare te verhoed, is Donald J Trump ingehuldig as die 45e president van die VSA. Kom ons hou hom dop en kyk of hy suksesvol kan wees.

Tydens die inhuldiging en daarna was daar verdere protesoptrede. Een groep se held is die ander groep se monster. Dit is duidelik dat die Amerikaanse bevolking erg gepolariseerd geraak het. Wie weet wat die toekoms inhou.

Daar is een protesaksie en dié se reaksie wat egter die skep van monsters aanmoedig. Dit is skokkend dat 'n kind erken dat hy 'n

brand gestig het “omdat hy so gevoel het” en omdat hy wou sê: “Screw Our President ...” <https://www.youtube.com/watch?v=9t4w6Diy5s>. Wat hierdie situasie bisar maak, is dat daar groot steun vir sy optrede is onder die liberale boelies en dat hy selfs as held geprys word vir sy wandaad. Daar word gestel dat hy ’n held is, dat sy ouers helde is en dat hulle hom reg grootgemaak het! Kom ons wees realisties, ons kan van mekaar verskil, ons kan hewig van mekaar verskil. Daar is egter beskaafde perke tot die optredes wat met daardie geskille gepaard gaan. Sodra onwettige en destruktiewe optredes as heldedade geloof word, is daardie perk lank reeds oorskry. Om daardie optrede te prys en die bullebak - en dit nogal ’n jong kind - ’n held te noem, is onverskoonbaar. Myns insiens is enige perspektief wat kan maak dat hierdie optrede ’n heldedaad genoem kan word, monsteragtig.

BERIGTE EN KENNISGEWINGS

REFORMASIE

Oktober hierdie jaar vier ons die 500ste bestaansjaar van die Protestantisme. Daar sal baie vieringe rondom die gebeurtenis wees en Koersvas nooi gemeenskappe uit om hulle viering se gegewens vroegtydig deur te stuur.

GEMEENTENUUS

As Bondsgemeentes wil ons graag die onderlinge band wat ons met mekaar het koester en versterk. U word versoek om gemeentenuus, projekte, beroepe, lief en leed, verandering van kontakbesonderhede ensovoorts aan dr. Johan Otto by e-pos jotto1@absamail.co.za of drotto1.jo@gmail.com

te stuur sodat dit in ons publikasies bekend gemaak kan word.

GHG BESTUUR

Tydens die Dagbestuur se vergadering van 20 Januarie 2017 in Pietersburg is verskeie sake bespreek. Lidmate word versoek om geduldig te wees insake die hofsake. Ons regsplan werk onverpoosd om die saak so spoedig moontlik af te handel en sal alle inligting beskikbaar stel sodra dit mag. Die inligting rakende sake van belang word aan almal bekend gemaak.

HUWELIKSVERRYKING

Ds. Rita van Antwerpen reël ’n huweliksverrykingskamp op 17 en 18 Februarie 2017 in Bloemfontein (Baines Lodge). Die kostes beloop tans R 980 per persoon en dit sluit een middagete in. Die aanbieders van die kamp is professionele persone op hierdie gebied. Sy sal meer inligting deurstuur. Slegs 40 plekke is beskikbaar. Kontak haar met verdere navrae 082 842 0037 of bethesdarita@gmail.com

JEUGKAMP

Ds. Flip Snyders is besig met die reëlings vir ’n jeugkamp aan die einde van Julie 2017 te Pretoria. Die ou Voortrekker kampterrein op die Molotopad word oorweeg. Dit sal deur ten minste 60 jongmense bygewoon moet word om dit effektief te maak en die kostes sal ongeveer R 600 (tans bereken) per kind beloop vir ’n kamp van 3 dae. Inligting sal nog aan gemeentes deurgestuur word, maar ons vra u samewerking om die kamp suksesvol aan te kan bied. Ds Snyders: 0834467774 of pjsnyders@imaginet.co.za

RUSTENBURG DAMESTEE

Kom geniet saam met ons 'n Dames Oggendtee met gaskunstenaars Henry van Dyk en Estie Pienaar. Kom en geniet haar raakvat sêgoed vir vrou-wees.

Saterdag **13 Mei 2017**, Hervormde Kerk Rustenburg, 9:30 vm vir 10:00 vm, Koste beloop R150.

Indien enige belangstelling kontak Mari 084 208 7445 of Lucia 083 265 3341

BYBELVASVRAE

Jeugwerkers moet asseblief van die volgende kennis neem

Gemeente vasvra: **30 Julie 2017**

Streeksvasvra: **13 Augustus 2017**

Finaal: **27 Augustus 2017**

Bestek:

Laerskool: 1 Timoteus; HK Sondae 31 tot 44
Hoërskool en Ope afdeling: 1 en 2 Timoteus;
HK Sondae 31 tot 44

Gemeentes sal nog skrywes in die verband ontvang.

KATEGESE BERAAD

Die beraad rondom die skryf van kategese materiaal sal plaasvind op 22 tot 24 Maart 2017. Dr Otto en ds Strauss sal nog die finale reëlings bevestig en dit sal aan die predikante deurgegee word.

Kerkrade word vriendelik dog dringend versoek om hulle predikante aan te moedig en te ondersteun om die beraad by te woon. Daar gaan ook indringend gesprek gevoer word oor die teologiese opleiding.

Die beraad sal plaasvind op die plaas *Fleur-de-lis* in die de Wagensdrift distrik.

APOSTOLICUM KOMMENTAAR

Die kommentaar oor die Geloofsbelijdenis van Nicea en die Apostoliese geloofsbelijdenis wat in die afgelope jaar in Die

Skietlood verskyn het, is in boekvorm verwerk.

Die boek sal vroeg in 2017 beskikbaar gestel word. Indien u belangstel, moet u vir dr Otto in kennis stel by jotto1@absamail.co.za.

MAKWASBYEENKOMS 2017

Makwasbyeenkoms vir emeriti en enige ander belangstellende GHG-predikante te Premiemyn DV 9 Junie 2017. Maak die datum nou al vas.

Predikante en hul gades is ook welkom.

HOSPITAALBESOEK 2017

Hospitaalbesoek: Klerksdorp
Ouderling Pieter Greyling het aangebied om GHG Lidmate wat in die Klerksdorp hospitale opgeneem word, te besoek. Baie dankie vir die mooi gebaar.

Kontak : P Greyling 083 430 1910

Mev A Greyling 083 557 0414

OORNAG FASILITEITE

Villa Stoney – naby Pretoria. Skakel Ina 082 908 2831 of e-pos haar by auri@mweb.co.za.

GELOOFSBONDPREKE

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar word elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op die internet geplaas.

<http://www.geloofsbond.org.za/>

Daar is ook preke op **whatsapp** beskikbaar. Kontak Yvette Otto by 072 223 7522 vir meer besonderhede.

LEWENSbroOD



Lewensbrood 2017 is reeds aan alle gemeentes versend. Maak seker u het u Lewensbrood by u gemeente afgehaal. Kontak Yvette Otto by zyvette@gmail.com vir enige terugvoer.

Baie dankie vir die positiewe terugvoer wat ontvang is.

GELooFSBONDkwILT

Die GHG dames se fondsinsameling is ten bate van ons teologiese studente. Lootjies is beskikbaar by u eie gemeente. (sien foto onder)

Elke gemeente word versoek om 3 of meer lyste se kaartjies te verkoop. Lootjies word tydens die GHG-byeenkoms getrek.

DRUKWERK

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorieboeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk

ella@teamworkprinters.com

25 Maart 2017 om 19:00
Hervormde Kerk, Cullinan
H/v Zonderwater & R515
R130-00 per persoon
Kerrie & Rys R30-00
Besprekings:
060 798 9209



GELooFSBONDkwILT 2

Lootjies R20 by eie gemeente